

**WAAR DIE VOLK SKEP . . . .**

. . . . deur dr. Abel J. Coetzee

**A**LMAL wat 'n ernstige studie gemaak het van die Afrikaanse volksliedjies—Schonken, Boshoff, Du Plessis, Du Toit—het die aandag gevestig op 'n berig oor dié saak in die eerste Afrikaanse tydskrif: *Ons Klyntji* (Julie 1897), nl.: „'n Feertig jaar gelede was dit wonderlik in die mode onder die jong mense om liidjiis te sing op bruilofte en geselskappe. Elke jongeling en jonge nôi had 'n liidjiisboek, wat altyd groter werd omdat daarin gedurig nuwe liidjiis bygeskrywe worde. En di jonkman wat di meeste en mooiste liidjiis kon sing had al dadelik 'n strepi fooruit. Party fan di liidjiis was ferenig met speuletjiis, soos „Patertji, gé jou Nonnetji 'n soen, 'n ens., waarby fluks gesoen werd. Di liidjiis was meesal oud-Hollands fan afkoms, mar werd deur sing en gedurig o'erskrywe hiir ordentlik gewysig en ferafrikaniseer. Dis wel jammer dat di liidjiis wat eenmaal so gelewe het onder onse jeug nou geheel ferlore raak. 'n Frind stuur my so 'n afgeskrywe liidjiis-boeki en dit het my op di gedagte gebreng om di fernaamste fan di ou liidjiis weer te druk, mar geheel in Afrikaans.”

Na aanleiding van die een en ander wat verskyn het in „Waar die Volk Skep” het een van ons lesers berig dat ou boeke in besit van die familie is. 'n Beroep op ons lesers het die uitwerking gehad dat drie van hulle familieliedboeke aan my gestuur het ter insae: mej. Willemina van Dyk, van Grootseponken, mej. R. E. de Jager, van Vryburg se wêreld, en mev. J. C. Vorster, van Wolmaransstad.

Die „liedboek” van mej. Van Dyk bestaan uit vyf boeke waarvan die oudste behoort het aan mnr. G. Bruyn uit die jaar 1832. Die ander het behoort aan mej. A. M. van Dyk en die jaartal wat daarin voorkom, is 1904. Ons vind hierin 'n groot aantal Nederlandse gedigte („liedere”) afgeskryf, Afrikaanse oorlogsgedigte (onder andere die „Ceylonslied,” „Lydie Roierts”), 'n aantal minneliedere (onder ander „Constand en Bertina,” „Londonslied”), 'n aantal godsdienstige liedere wat vertaal is uit Engels („Sannie Beyers,” „Rots der Eeuwen”), benewens betekenis van blomme, sakdoeke, koppies en seëls.

Die liedboek van mej. De Jager het oorspronklik behoort aan M. M. de Jager van Davelsrust, Bethlehem, en dis aangelê in die jaar 1905. Ons vind hierin minneliedjies, godsdienstige en oorlogsliedere, 'n paar opstelle, blommetaal, „vry”-speletjies, en kookresepte.

Die boek van mev. Vorster is haar oorspronklike eiendom. Daarin kom voor leersame reëls, opstelle, blommetaal, vryliedjies, godsdienstige gedigte opgeteken uit *Die Kerkbode* (1933, 1936), raaisels, 'n parodie waarin „Dis Al” van Jan Celliers nagevolg word, „Toe Die Wêreld Nog Jonk Was” van A. G. Visser, 'n paar Engelse sentimentele liedere, en hoe om die toekoms te voorspel. (in Engels).

Ek was al bevreesd dat die goeie ou gewoonte om liedboeke aan te lê, uitgestert het, maar die boek van mev. Vorster is 'n bewys dat dit nog nie heeltemal die geval is nie; 'n groot gedeelte van haar stof dagteken uit die jare ná 1925, al is daar dan ook min by wat werklik gesing kan word.

Wanneer mens van naby kennis maak met sulke ou volksgoed, dan word jy gedwing om te vra watter omstandighede daartoe gelei het dat bv. die ou agtenswaardige gewoonte van liedboeke aan te lê, by ons haas

# Liedboeke

uitgestert het? Dr. S. J. du Toit bespreek hierdie vraagstuk in sy *Suid-Afrikaanse Volkspoësie*, en een van sy bevindings lui as volg: „Mens behoef maar enkel weer 'n paar „liedjiesboeke” in die hand te neem om ten volle te beseef, welke invloed daar moes uitgegaan het van die Engelse lied; meer as die helfte van so 'n bundel word dikwels deur „songs” in beslag geneem (in die liedboeke wat ek beskryf het in hierdie artikel, is dit nie die geval nie). Aan die Engelse lied is dit ook seker hoofsaaklik te wyte dat die produkte van die Eerste Taalbeweging al heel spoedig seif ook onmodies begin raak het — aan dié Engelse „song,” maar nog meer selfs, aan die vertaalde „Sankey”- of Kinderharpliedere. Deur die Sondagskool en kinderpreek werd dié snel gepopulariseer. Hulle maklik singbare wysies, hulle notebegeleiding, en hulle stigtelike inhoud was dinge wat oral aanhangers vond. Deur „vroom” en „godeloos” werd die bundeltjies gretig binnegehaal as plaasvervangers van die vroeëre self aangelegde liederversameling. In die familiekring, of elders, waar jongmense die geleentheid had om

binnenshuis die tyd met sang te kort, werd by voorkeur na hulle gegryp. Teen al sulke aanslae van die jongere tyd was die liedjies uit grootvaders dae nie bestand nie.”

Om ons lesers enigins 'n indruk te gee van die geaardheid van die minneliedere wat in hierdie liedboeke opgeneem was, wil ek uit elke bundel een aanhaal.

**DIE WITWATERSRAND.**


*Sit ek vanaand in die Witwatersrand dan weet ek die ring is in die linkerhand.*

*Sit ek vanaand in die Witwatersrand, dan weet ek die ring is 'n ware trouband.*

*Hartjie my skat my dierbare pand, sé jy my af dan verlaat ek jou land. Waar wil jy woon? In die Kolonie se kroon.*

*Waar wil jy bly? In die Vrystaat se vlei. Is jou hart nog vry, gee dit dan asseblief vir my.*

*Sé jy nee dan meen dit ja, sé jy ja dan bly dit ja.*  
(Liedboek van mev. Vorster.)



**WAT DRAAI DIE BAL?** Omtrent 40 jaar gelede op die graf van 'n Ierse pionier in Amerika opgerig het die bal op hierdie steenvoetstuk, wat twee ton weeg, voortdurend van suid na noord begin beweeg! Twintig jaar gelede het die bal al so gedraai dat die naam daarop onder onsigbaar was. Toe is dit weer in sy regte posisie gestel, maar 'n geheimsinnige krag het dit weer so begin draai dat die naam vandag al weer skuins staan. Waaraan is dit te wyte? Aan die beweging van die aarde, of die „trekkrag” van die son of seisoensveranderinge? Twee ton is darem 'n bietjie swaar om te beweeg, selfs vir die spook van 'n Ier?

**DIE TREURIGE LIEFDE**  
(of: Constand en Berdina).

*Die liefde breng zoo meenig paar in bange ramp en groot gevaar. Als door de ouders hoog waardeer dat de kinders zoo zwaar moes ly. De braaf Constand die zeer beroem, bemin Berdina schoonste bloem. Haar ouders was daar bitter teen, Hul zeg Constand is te gemeen.*

*Haar ouders hoort naar geen gebet, Constand die word die huis belet. En toen hy om hun dochter vraag, Toen word hy schandelyk weg gejaag.*

*Hy roep: Vaarwel myn liefste zoet Wees van my en (in) het hart gegroet.*

*Om jou te verlaat doet my zeer, Het kost my dood, het brand my hart.*

*Constand was troosteloos waar hy gaan, En in zyn leven weinig lust.*

*Door goed gedrag en groot verstand Werd hy verheven in zyn stand. Hy die getrouw Berdina bemin hy hoop het zal nog eens gebeur dat hul vereenig hart en hand.*

*Zoo blyf zy getrouw aan haar Constand.*

*Constand had nog geen troost of rust en in zyn leven weinig lust.*

*Hy riep dus: geld, myn liefste zoet, waarom ons hart zoo lyden moet. Adju ik stap de wereld af jul zal my draagen naar my graf.*

*Adju daar is geen keer meer aan daar is jou ouders oorzaak van. Hy't achter om die huis gegaan en heef een droewig daad gedaan.*

*Hy heef zyn banjonet aanvaart doorstak zyn hart en val ter aard. Hy riep: Berdina wees gegroet.*

*Vaarwel, ik sterf myn liefste zoet. Ons liefde was tog al te groot draag nou die rouw maar oor my dood.*

*Berdina hoor een droef geluit. Zy kwam en spring die venster uit. Daar zag zy met een droef gemoed haar minnaar zwemmen in zyn bloed.*

*Zy riep: is jy deur liefde, groot, zo ver gekom tot en (in) den dood, ons liefde maak ons man en vrouw, ik blyf jou tot den dood getrouw.*

*Zy nam de banjonet vol bloed en stak het met een koel gemoed diep in haar teer beminde hart, val by Constand toen neer met smart.*

*O ouders leer en spiegel jul en breek om geld geen liefde meer, daar liefde geld te boven gaat. Zelfs de moor was vreeslyk kwaad.*  
(Liedboek van mej. De Jager.)

**GROENLANDS STRAATJIES.**

*Ik heb de groene straatje zoo dikmaals teneinden gedaan en daar ik myn zoetlief moest laten. Dit heeft myn vrienden gedaan. Niet langer als Zondag avond kwam ik voor*

*Myn zoetlief haar deur en ik zeide ach, Ach lieve Sannie doe open, doet open hier staat ik voor u deur.*

*Ik doe het voor waar niet open, ik doet het voor waar niet open. Gaat na u huisje te slaapen waren een ander liefste in.*

*En als hier een ander liefste is is dan wensch*

(Vervolg op bladsy 44)

## LIEDBOEKE

(Vervolg van bladsy 29)

*ik u eens een froolykheid na, a  
Sannie*  
*als gy dinkt om te trouwen schr,  
my dan een briefje,*  
*Dat ik op u bruilof mag komen, a  
ik op u*  
*bruilof mag zyn. Gy zult op m  
bruilof niet*  
*komen, gy zult op myn bruilof n  
zyn.*  
*Want is daar nog jonger heertjies d  
onder myn*  
*Grade zyn, ach Sannie als u kom  
sterven,*  
*ik zal u in gedachtelyk zyn.*  
*Ik zal op u grafsteen schryven,  
hier leide een lydie (lady!), e  
zoetelief van my.*  
*Gy zult op myn grafsteen n  
schryven, gy zult op myn grafste  
niet zyn*  
*Myn schuitje is my ontzeilen m  
angertje (ankertjie)*  
*waren niet vast. Myn zoetelief  
my ontgleiden*  
*ik heb haar niet wel opgepast.*  
*Dan moet u na een ander gaat vryd  
en houd het wat beter vast. Als s,  
het wat beter*  
*vast houden, dan zal gy u zoeteli  
behouden.*

Pelgrimsrus, 1903.

(Liedboek van mej. Van Dyk)

Sommige van hierdie liedere het 'n eerbiedwaardige ouderdom. Dr. S. H. du Toit kon die geskiedenis van 'n hele aantal van hulle terugvoer tot vroeg in die sestiende eeu. Ander weer is heelwat jonger, en moes hier in Suid-Afrika ontstaan het onder invloed van bekende Ou-Hollandse en later ook van Engelse modelle.

Dit mag wel sy voordeel hê om daaglik in intieme aanraking te verkeer met ander bevolkingsgroepe, soos die geval is hier by ons in Suid-Afrika.

Mens ontwikkel 'n ander lewenshouding, jy leer die vraagstukke beter nader vanuit ander standpunte as jou

(Vervolg op bladsy 45)

## LIEDBOEKE

(Vervolg van bladsy 44)

eie. Maar waar dit die eie volkse, die eie aard, die eie volksgoed betref, moet mens tog so ontsettend veel inboet. Die lewe van die volk is voortdurend in beroering, in onrus, en daagliks sterf daar van jou eie goed uit. Mens wonder soms of die prys wat jy moet betaal vir hierdie aanraking, nie te hoog is nie?

(Hoewel ons nie weer op hierdie onderwerp sal terugkom nie, sal ek dit tog besonder waardeer as nog ander lesers wat sulke liedboeke besit, dit aan my wil stuur vir insae. Dit sal goed bewaar en ongeskonde aan die eienaars terugbesorg word. Eersdaags begin ek met die rangskikking van die spook-, goël-, en swaapstories wat ek van ons lesers ontvang het, ten einde dit in een aaneenlopende reeks te laat verskyn. As daar nog lesers is wat sulke stories wil stuur, moet hulle dit tog asseblief onmiddellik doen.)